

18 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 3:19-31
Fokusgedeelte: DL, VD 2:4

Ek kan my nie self regverdig glo nie!

Vandag besin ons oor die dwaling “dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet afgeskaf het, nou die geloof self en die onvolmaakte geloofsghehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon.” Hiermee word ons voor die vraag gestel: Beloon God my geloof met die ewige lewe, of skenk Hy aan my die ewige lewe uit genade omdat Jesus met sy kruisoffer vir my die ewige lewe verwerf het? Wie verwerf die ewige lewe vir my? Doen ek dit self deur my geloof, of doen Jesus dit deur sy soenverdienste? Die dwaalleraars het gesê dat God my geloof met die ewige lewe beloon, met ander woorde dat ek my deur my geloof self regverdig maak. Ek glo my dus self regverdig. Ek het nie vir Jesus nodig om my regverdig te maak nie, volgens hulle.

Die Bybel is egter duidelik daarvoor dat Jesus die Een is wat die ewige lewe vir my verdien het en dat ek deel kry aan hierdie verdienste deur te glo dat Hy vir my versoening gedoen het. In vers 24 staan baie duidelik dat ons sonder dat ons dit verdien vrygespreek word “vanweë die verlossing deur Jesus Christus”. Dit gebeur nie vanweë my geloof nie, maar “vanweë die verlossing deur Jesus Christus”.

Hy het die verlossing verwerf en om deel te kry daaraan moet ek in Hom glo (vers 25-26): “Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo ... Hy oordeel regverdig deurdát Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.” Ook die geloof wat ek nodig het, gee Hy aan my. Daarom kan my geloof ook niks verdien nie en is alles net genade uit die hand van die Here. Dank die Here vandag dat Hy hierdie geloof ook aan jou gegee het!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~